BELEID OMVATTEND VIR GEDRAG, VOORKOMS EN GELOOF

Hierdie beleid is van toepassing op leerders, onderwysers, personeel, ouers en Beheerliggaam.

Die gedragskode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse Skolewet, die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Riglyne vir Gedragskode vir leerders, asook toepaslike regulasies en die bepaalde behoeftes van Rijk Tulbagh Privaatskool gedurende tye van opstelling.

Woordomskrywing:

Rijk Tulbagh Privaat Skool hierna "die skool" genoem.

Leerlinge van Rijk Tulbagh Privaat Skool hierna "leerders" genoem.

Onderwysers van Rijk Tulbagh Privaat Skool hierna "onderwysers" genoem.

Enige ander werknemer van Rijk Tulbagh Privaat Skool hierna "personeel" genoem.

Lede van Rijk Tulbagh Privaat Skool se Beheerliggaam hierna "SBL" genoem.

Ouers en voogde van leerlinge van Rijk Tulbagh Privaat Skool hierna "ouers" genoem.

Inleiding:

Die gedrag, houding, optrede, voorkoms, en voorbeeld van leerders onderwysers, personeel en ouers sal te alle tye sodanig wees dat dit die respek van die publiek, besoekers en die gemeenskap sal afdwing tot voordeel van die skool.

1. **Gedragskode en verantwoordelikhede**
   Die doel van die gedragskode is om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig wat toegewyd is aan die

bevordering en instandhouding van die leerproses. Sodra ‘n leerder ingeskryf is by die skool, is hulle onderworpe aan die gedragskode en moet hul dit nakom. Sodra ‘n ouer die skoolgronde betree of skoolgeleenthede bywoon of ‘n kind as leerder in die skool het, is die ouer onderworpe aan die gedragskode. Indien enige leerder of ondewyser of personeellid of ouer die gedragskode oortree of minag, sal daar dienooreenkomstig ‘n dissiplinêre prosedure teen hul gevolg word. Die gedragskode maak voorsiening vir die regte van die individu.
Alle bogenoemde partye streef die waardes en beginsels van die skool na.
*Respek vir jou medemens, ander leerders en onderwysers
*Voer opdragte van onderwysers stiptelik uit
*Geen vloekery of skelwoorde of swak taalgebruik word toegelaat nie
*Aanvaar alle mede-leerders se verskille tov rasse, kulture en gelowe
*Aanvaar verantwoordelikheid teenoor die natuur en omgewing, geen rommelstrooi en tel rommel op as jy daar verbyloop op die skoolgronde en sportgronde
*Hou klaskamers en skoolgronde netjies en skoon
*Geen vandalisasie word toegelaat nie, dit sluit in die skryf op mure, banke of deure en beskadiging van skooleiendom
*Hou badkamers netjies en skoon
*Geen rook van sigarette of e-sigarette of dwelms word toegelaat op enige terrein van skool of sport nie, ook nie in die parkeerarea nie, behalwe as daar ‘n rook-area beskikbaar gestel word tydens sekere geleenthede of funksies soos byvoorbeeld die Nagmark.
*Geen bakleiery word toegelaat nie
*Eerlikheid is altyd ‘n vereiste
*Aktiewe deelnemer en lojale ondersteuner van my skool se sport en kultuur-geleenthede
*Kom klaskamer se reëls en onderwysers se voorskrifte na
*Stel nooit enige iemand se lewe in gevaar nie
*Voer altyd huiswerk-opdragte uit
*Geen oneerlikheid in toetse en assesserings nie, alle opdragte word deur leerder self uitgevoer, nie deur ‘n ouer of ander persoon of afgeskryf nie
*Streef daarna om altyd die skool se etos te bewaar en versterk
*Onderwysers sal te alle tye leerders opvoed, oplei en onderrig
*Onderwysers se houding, toewyding, self-dissipline, ideale, opleiding en handelswyse moet die kwaliteit van opvoeding bevorder
*Onderwysers en personeel moet te alle tye betaamlik optree en betaamlik gekleë wees

*Onderwysers is geregtig op menswaardigheid, privaatheid, Vryheid van geloof, Taal en kultuur, onderhewig aan die Skool se beleide binne skoolure of op skoolgronde
*Onderwysers moet 'n voorbeeld wees vir die leerders, voorbereid wees vir lesse, skoolreëls nakom, stiptelik wees vir lesse, te alle tye konsekwent optree, te alle tye professioneel optree teenoor ouers, besoekers, mede-onderwysers en leerders
*Onderwysers, ouers, leerders en personeel moet hulself weerhou van slegte gedrag, kwaadpraat en skinderstories teenoor die skool of enige individu betrokke by die skool
*Onderwysers en leerders moet ingelig wees oor elke beleid en reël en Grondwet wat op hul van toepassing is
*Onderwysers beoefen gesag met deernis en hanteer leerderinligting vertroulik
*Onderwysers vermy onbehoorlike fisiese kontak met leerders
*Onderwysers en personeel stel altyd die leerders se veiligheid eerste
*Ouers mag onder geen omstandighede met die onderrig van sy kind of die klas inmeng nie
*Ouers ondersteun die gedragskode en reëls van die skool
*Ouers volg te alle tye die regte proses om kontak te maak met 'n onderwyser of 'n saak te bespreek :
1. Kontak betrokke onderwyser deur D6 of e-pos aan skool of oproep na skool se telefoon.
2. Indien 'n ouer nie tevrede is met die uitkoms van die saak nie, kan die ouer die fasehoof deur dieselfde kanale kontak.
3. Indien die ouer steeds nie tevrede is met die uitkoms nie, kan die ouer die skoolhoof deur dieselfde kanale kontak.
4. Indien die ouer steeds nie tevrede is met die uitkoms nie, kan die ouer die SBL per e-pos kontak om die saak te stel.
*Ouers, onderwysers, personeel en leerders mag onder geen omstandighede enige negatiewe kommunikasie op sosiale media of enige ander vorm of platform versprei nie

2. <u>Voorkoms en Kleredrag</u>

Alle leerders, onderwysers, personeel en ouers moet te alle tye by enige skoolgeleentheid skaflik aangetrek wees.
Skooldrag:
(a) Rijks Sweetpak
(b) Rijks Navy Skoolhemp (langmou of kortmou)
(c) Rijks khaki skoolbroek of skort
(d) Rijks grys sporthempie
(e) Rijks navy sportbroekie
(f) Rijks Fleece wintertop

(g) Wit sokkies saam met skooldrag
(h) Rijkies sokkies saam met sportdrag
(i) Tekkies (oorheersend wit of navy)
(j) Tennisklere, rugbyklere en netbalklere soos deur skool verskaf
(k) Plain navy visor of keppie vir sport

Let wel :

- Geen lycra of ander rekbroekies onder skoolklere nie, ook nie in die plek van sportbroekie nie
- Geen ander serpe, buffs, mussies of baadjies word toegelaat nie
- Geen ander pette of hoede word saam met skoolklere of by sportgeleenthede toegelaat nie
- Leerlinge se onderklere mag nie deurskyn of uitsteek nie
- Leerlinge se skort en sportbroekie mag nie styfpassend wees nie
- Skooltasse mag nie vol geskrifte of plakkers wees nie
- Hare van meisies moet netjies uit gesig wees en nie aan kraag raak nie, lang hare vasgemaak met navy/wit/swart/grys haarrekkie, geen dekoratiewe haarknippies nie
- Seuns se hare moet kort en netjies wees
- Geen grimering mag deur leerders gedra word nie
- Hare mag nie gekleur of gebleik word nie
- Slegs armhorlosie word vir seuns en meisies toegelaat, asook 'n Medic Alert bandjie
- Klein oorringetjies of klein stud word vir meisies toegelaat, geen steentjies in nie en slegs een per oor
- Geen ander juweliersware word toegelaat nie, ook nie by sportbyeenkomste nie
- Die Leerlingraadbaadjie mag slegs saam met skooldrag en NIE saam met sportdrag gedra word nie, dan moet leerder ook tekkies dra, nie kaalvoet nie

3. Higiëne

- Persoonlike higiëne is ononderhandelbaar vir leerders, onderwysers en personeel
- Leerders se naels mag nie oorsteek by die vingerpunt nie
- Dogters mag nie naelpolitoer of vals naels dra nie
- Geen grimering saam met skoolklere of sportklere nie
- Geen nek-, arm-, of enkelkettinkies nie, asook geen ringe aan hande of voete nie
- Geen sigbare tatoëermerke by leerders word toegelaat nie

- Tatoërmerke by onderwysers en personeel moet bedek wees tydens skoolfunksies of skooldae

4. **<u>Geloof</u>**

   Rijk Tulbagh Privaat Skool is ‘n Christelike Skool met Christelike Waardes en beoefen die lees van die Bybel.
   Die Skool is inklusief teenoor ander gelowe en oortuigings, maar laat slegs Christelike Geloof beoefening toe, ander gelowe is vry om hulself vir daardie tyd te verskoon, mits so ooreengekom deur ouers met skool op skrif.
   Die Skool verbind hom daartoe om nooit te diskrimineer teen ‘n leerder van ‘n ander geloof nie en alle leerders sal te alle tye konsekwent en gelyk hanteer en onderrig word.